

TER INLEIDING

Die Algemene Kerkvergadering het in sy samekoms van 1964 op voordrag van die Kuratorium besluit dat, waar die Teologiese Fakulteit in hierdie jaar 'n halfeeu lank bestaan, hierdie gebeurtenis nie ongemerk te laat verbygaan nie. Om die rede het die vergadering bepaal dat die volgende sitting in April 1967 sal plaasvind sodat dit sal saamval met die gebeure. Dit was op 1 April 1917 dat prof. J. H. Greyvenstein, as eerste en op daardie oomblik nog die enigste professor van die Kerk 'n begin gemaak het met die opleiding van predikante uit die Kerk en vir die Kerk. Dit was 'n klein begin, dog 'n betekenisryke oomblik in die geskiedenis van ons Kerk. Dit stem tot dankbaarheid dat prof. Greyvenstein (Ou Vader, soos ons hom almal noem) alhoewel hoogbejaard, nog by ons is. Die Opleiding het gegroei. Prof S. P. Engelbrecht het in 1921 bygekom, prof. B. Gemser in 1926 en prof. H. P. Wolmarans in 1934, eers as lektor om drie jaar later benoem te word as professor.

En nou, na vyftig jaar het die eerste geslag van professore reeds emeriti geword en ander het hulle plekke ingeneem, en nou almal kwekelinge van die Fakulteit. Maar ook van die eerste geslag predikante, wat hier hulle opleiding gehad het, het reeds die tuig neergelê, ander is daar wat nog vol in diens van die Kerk staan. Van een leerstoel in 1917 het die Fakulteit uitgegroeï tot ses departemente, waarvan vyf voltyds besef is deur professore, die sesde tans nog 'n deelydse lektoraat, wat hopelik na die sitting van die Algemene Kerkvergadering ook in 'n voltydse professoraat omvorm sal word. Die halfeeu wat verby is het veel ingehou en opgelewer vir die Kerk. Die opleiding is die hartaar van die Kerk, want daar word gevorm die toekomstige verkondigers van die Woord, die evangeliedienaars wat die blye boodskap moet uitdra dat Jesus Christus gekom het om te soek en te red die wat verlore is. Dit is dan ook geen wonder dat die Kerk met nougesette ywer waak oor die Opleiding nie. Daarvoor is ons almal dankbaar. Uit naam van die Fakulteit wil ons ons groot dank betuig aan die Kerk dat ons op hierdie wyse kan en mag dien, en nie die minste vir die besonder hartlike verstandhouding en intieme binding wat daar tans bestaan tussen die Kerk en die Teologiese Opleiding, soos wat dit elke keer weer opnuut tot uitdrukking kom.

Die Redaksie.